## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *FEESMAAL* – EA Swanepoel

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE KRISMISBOKKIE" – Audrey Blignault (20)
EN
VERHAAL B: "TWEE GESIGTE" – Elise Muller (20)

### VERHAAL A: "DIE KRISMISBOKKIE" – Audrey Blignault

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

"Rietman! Rietman! Rietman!" roep Kleinboet. Dan kom die bokkie êrens agter die hoogste blomme uit, stoot met sy kop teen die seun se harde lyf, lek aan sy hand en loop al agter hom aan.

Netnou, netnou begin die seuntjie draf-draf-draf-draf ál met die paadjie tussen die blombeddings deur. En die bokkie trippel saam, ongelooflik lig en fyn op sy hoog geligte pootjies, ál agter hom aan – verby die vierkleure onder die seringboom, verby die blou en wit kandelare langs die watersloot, verby die kappertjies en die geel besembos en die koraalboom met sy vlamrooi blomme – totdat dit gebeur: die skielike asemrowende sprong in die lug, soos 'n blink sekelslag teen die son.

"Hoehaaiiii!" klink die uitroep van verrukking. "Hoehaai! Hoehaai!" en die oomblik van vreugde waai saam met die vallende roosblare oor die somertuin.

Toe – dit was drie dae voor die Kersfees – is die bokkie meteens weg. Kleinboet kom met hangoë uit die tuin.

1.1 Op watter plaas het die kinders die baba-duikertjie gekry? (1)

1.2 Wie het die bokkie vir Kleinboet saam met Pappie gestuur? (1)

1.3 Waarom was die bokkie 'n goeie geskenk vir Kleinboet? (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | klanknabootsing; | 'n vergelyking |

Wanneer die verteller praat van "**die** skielike asemrowende **sprong in die lug, soos 'n blink sekelslag** teen die son" (reël 8 en 9) is dit 'n voorbeeld van … (1)

1.10 Hierdie Kerstyd was nie soos altyd nie.

1.10.1 Waarom het dié Kersdag uiteindelik goed uitgedraai vir Kleinboet en sy gesin? (1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van Pappie om nie vir Kleinboet te troos toe hy gedink het Rietman is dood nie? (1)

1.11 Hoekom noem en beskryf die verteller so baie dinge in die tuin? (1)

1.12 Die verteller het net stilgestaan en gekyk toe sy vir Rietman sien.

Wat sou jý gedoen het as jy eerste vir Rietman gesien het nadat hy so lank weg was? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "TWEE GESIGTE" – Elise Muller**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Die mallemeule het gekom. Dit het mooi gelyk op die groen gras, want die hoë ronde gevaarte was helder rooi en geel geskilder. Soos die meeste ander kinders van die dorp het Rinatjie en haar vriendinnetjie Rosa die middag toe dit daar opgeslaan is, na die uitspanplek geloop. Hulle het daar rondgedrentel, die gewerskaf eers van ver af gadegeslaan en toe al nader geloop, totdat hulle so digteby was dat hulle presies kon sien hoe alles lyk. Die perdjies was die wonderlikste. Twee-twee langs mekaar, tussen die veilige oninteressante bankies, het hulle gereed gestaan en wag op hul ruiters, hierdie rooi en groen en helder geel pronkende houtperdjies met saaltjies, selfs met klein toompies – om aan vas te hou, het Rinatjie gedink.

"Jy val nie af nie," sê Rosa beslis. "Dit gaan nie so vinnig nie."

"Maar Katrien sê ..."

"Ag, wat weet Katrien tog?"

Laat dié middag kom die ding eindelik in beweging. ...

1.13 Hoe lank voor die tyd het Rinatjie gehoor dat die mallemeule kom? (1)

1.14 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) en die antwoord neer.

1.14.1 Katrien is ... jaar oud, maar sy lyk ouer.

1.14.2 Sy gaan nie meer skool nie, want sy moet haar ma met Rinatjie-hulle se ... help.

1.14.3 Katrien het vir Rinatjie gesê dis veiliger om op die ... aan die binnekant te ry.

1.14.4 Een maal se ry op die mallemeule het ... sent gekos. (4)

1.15 Noem TWEE maniere waarop Rinatjie geld vir die mallemeule gekry het. (2)

1.16 Waarom het Katrien net saam met haar ma gebly? (1)

1.17 Die mallemeule het op die dorp aangekom.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.17.1 Rinatjie | A ... sou nie toelaat dat te veel geld uitgegee word nie. |
| 1.17.2 Katrien | B ... het die musiek by die mallemeule gespeel. |
| 1.17.3 Rinatjie se pa | C ... het Rinatjie bang gepraat oor die mallemeule. |
| 1.17.4 Rosa | D ... het nie baie simpatie met ander mense gehad nie. |
| | E ... sou die mallemeule vir die eerste keer ervaar. |

(4 x 1) (4)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

"Ag, wat weet Katrien tog?" (Reël 12) Dit wys vir ons dat Rosa ...

A jammer gevoel het vir Katrien.
B meer geld as Katrien vir die mallemeule gehad het.
C gedink het dat Katrien se opinie nie belangrik is nie.
D bang was dat Katrien vir Rinatjie verkeerde raad sou gee. (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.19.1 en 1.19.2) en die antwoord neer.

Die kaartjiesverkoper was (1.19.1) (hulpvaardig/simpatiek) teenoor Rinatjie en Rosa, maar (1.19.2) (streng/onregverdig) teenoor Katrien. (2)

1.20 Rinatjie wou nie nog 'n keer ry nie, omdat sy te dronk in haar kop was.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.21 Waarom was dit verkeerd van die kaartjiesverkoper om Katrien te dwing om van die mallemeule af te spring terwyl dit nog beweeg het? (1)

